NED GERF GEMEENTE MEYERSPARK

# Die Basuin

**AFKONDIGINGS**
**SONDAG 25 Oktober 2020**

## Sondagprogram

09:00: **Erediens: Ds Louis Brittz**
**Skool vakansie:** Geen gesinsdiens en kategese nie.
18:00: **E-gesinsdiens**

## Vir jou voorbidding:

**Martin Petzer** (082 339 9782)
**Susan van der Vyfer** (083 277 7774) vra gebed vir 'n oogprobleem.
**Lorèza Muller** 082 663 6166

Kom ons bid vir die matrieks wat besig is met hulle eindeksamen. Sterkte, ouens!

*Kontak een van die leraars of Beryl by die kerkkantoor om sake vir voorbidding aan te meld.*

### Romeine 12 verse 11 en 12

Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here.Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed.

**Iets vir die week:**
Daar is baie keer dat ons wonderlike geleenthede laat verbygaan in die lewe; baie keer omdat dit te veel na vuil oorpakke en harde werk lyk.

## Verjaardae

**80 jaar en ouer:**

**Dinsdag 27 Oktober**
Hansie Grobler **84** 083 625 6255

**Vrydag 30 Oktober**
Trudy Erasmus **82** 073 357 4953

**Ander:**

**Sondag 25 Oktober**
Hanlie Venter 082 497 2847
Christian-Jakes Visagie

**Maandag 26 Oktober**
Melissa Taylor 083 254 2774

**Dinsdag 27 Oktober**
Cassandra Grobler 082 878 5153

**Woensdag 28 Oktober**
Louis Brittz 083 383 1262

**Vrydag 30 Oktober**
Neels Roodt 0863 236 4038

**Saterdag 31 Oktober**
Marius Stemmet 082 922 9853

## Ander aktiwiteite:

### EREDIENSTE

- **Eredienste by Wilgers Aftreeoord**

**Geen dienste (Skool Vakansie)**

**Eredienste in kerk**
Sondag 1 November 2020
09:00 - kerk - Ds Izak Liebenberg en Wihan Rossouw.
Belydenis van geloof aflegging.
**Geen gesinsdiens en kategese nie.**

Laat weet kerkkantoor asb voor Vrydag as jy die dienste wil bywoon.
**Eredienste word steeds op whatsapp en youtube uitgestuur.**

**Vir die Week:**

***Woensdag 28 Oktober:*** *07:00 biduur in die kerk*

**Gesinsdiensreëlings**
Lidmate moet asseblief kennis neem van die volgende reëlings met betrekking tot die Gesinsdiens:

**1 November**: Geen gesinsdiens nie – die finalejaarkatjisante lê dan belydenis van geloof af in die kerk en almal word daarheen genooi.

**8 November:** Geen gesinsdiens nie, as gevolg van die Nagmaal in die kerk. Gesinne word aangemoedig om saam die Nagmaal te kom vier.

**15 November:** Afsluiting van die Gesinsdiens en die kategese in die kerksaal.
**Daarna** is daar geen gesinsdiens nie, tot die heropening van die skole in 2021.

**Nagmaal**

Daar is besluit dat ons op 8 November ons eerste nagmaal sedert die begin van die Covid 19 aanslag gaan hou.

Die formaat van die nagmaal sal meditatief wees, soos die laaste diens of twee voor Covid die kerke toegemaak het. Die diens sal vooraf opgeneem wees en dan al om die halfuur om 08:00, 08:30; 09:00; 09:30; 10:00 en 10:30 aangebied word.
Die diakonie sal die wyse van die gebruik van die Nagmaal organiseer. Kom gerus op die tydgleuf wat jou pas. Kom gemasker; al die nodige protokolle sal nagekom word. Dit is nie nodig om vooraf te bespreek nie.

### BYBELSTUDIE: PSALMS

Prof Phil Botha se notas word op whatsapp en e-pos gestuur.

Om deel te neem, kontak gerus die kerkkantoor. Sy vorige notas is beskikbaar by: https://ngmeyerspark.co.za/bybelstudie/

### Kontakbesonderhede

**Ds Izak Liebenberg 083 407 7858**
**Wihan Rossouw 073 489 1414**
**Ds Louis Brittz 083 383 1262**
**Kerkkantoor:** 012 803 1531 of ngmeyerspark@absamail.co.za—vir alle navrae.
**Sosiale media:**
https://www.facebook.com/NGMeyerspark
https://www.youtube.com/channel/UCOEk0KPYVGtwXcem9Dk79hg

**KERSMARK 28 NOV**

Meyerspark gaan op **28 November** Kersmark hou. Gemeentelede en groepe word gevra om hulle verbeelding vrye teuels te gee om te maak, te bak, uit te sorteer, en enigiets verder wat verkoopbaar is, te skenk sodat dit daardie dag verkoop kan word.

Dink dalk aan iets wat 'n kersgeskenk met 'n verskil sal wees… of die koekieblik wat met vakansie moet gaan…. Of dalk daai ding wat in jou pad lê….

Nadere reëlings sal in die Basuin en volgende Goeie Nuus gegee word. Kontak gerus vir Rensché Smit by 074 588 9588 as jy enige vrae of voorstelle het.

## Boekpakkie as Kersgeskenk!

Wat is tog lekkerder as 'n boekpakkie as Kersgeskenk? Skenk asb vir die boeketafel by die Kersmark 'n boek of ses of sewe wat jy reeds gelees het en nou net op jou rak sit en stof vergaar. Ons maak boekpakkies op oor enige onderwerp wat enigiemand op die Kersmark kan koop om as geskenk te gee. Skenk gerus boeke vir stiltetyd of 'n vakansie, oor 'n stokperdjie of die liefde, of om jou speurvernuf te toets – ons tower dit om in boekpakkies vir leesgenot.

**TWEE VRIENDELIKE VERSOEKE –**
Skenk asb boeke van goeie gehalte (ons wil Kersgeskenke aanbied wat sal hou!) EN Skenk die boeke asseblief VOOR OF OP 15 NOVEMBER (ons wil Covid geen vatkans gee nie!)

**AFHAAL OF BRING VAN BOEKE –-**
Handig boeke Sondae na die diens in by die kerkkantoor, of gedurende die week van 08:00-13:00. Ons kan die boeke ook afhaal (skakel 076 895 8855 om 'n reëling te tref).
By voorbaat dankie vir boeke en ondersteuning! Kersmarkgroete

Hierdie jaar se **KERSMARK** kan nie plaasvind sonder 'n Witolifanttafel nie.
Dit kan ongelukkig nie plaasvind soos altyd nie en hierdie keer moet ons dit anders benader. Dit word nou 'n **Covit-olifanttafel**.
Die artikels sal op die tafels uitgestal word met die pryse daarop aangebring.
Mense sal verby loop en 'n artikel neem en eers betaal as hulle die saal verlaat.
So, ons sal maar net artikels "van waarde" kan saniteer en uitstal en sodoende veilig wees.
Bring asseblief artikels wat julle nog as waardevol reken, iets wat jyself gemaak het en wil verkoop, kinderspeelgoed waar daar nie meer kinders is nie, iets waarvoor jy nie meer pakplek het nie of wat ookal.
**As julle ander planne het laat weet ons.**
Bring die artikels asseblief kerksaal toe in die week.

Indien jy probleem het om te bring skakel die kantoor by 012 803-1531 of vir Dirk Loubser by 083 311 9960.

## DANKIE-Sê-MAAND

Ten spyte van die deurmekaar omstandighede van 2020, het ons tog baie om voor dankbaar te wees.

Daarom, soos elke jaar, vra ons dat jy jou dankbaarheid in geldwaarde sal skenk as 'n dankoffer aan die Here en as bydrae tot die uitbou van **God se Koninkryk**. Merk 'n koevert "**Tiendemaanddankoffer"**
of betaal in saam met jou gereelde dankoffer.
**AAN GOD ALLEEN ALLE EER!**